

DRIE WÊRELDE VAN WELVAARTSTAAT-KAPITALISME

(1)

1. Konserwatiewe welvaartstaat-model in Duitsland, Frankryk en Oostenryk.

Doel: Om tradisionele sosiaal-ekon. stratifikasie te handhaaf ter wille van die behoud van die tradisionalistiese politieke stelsel.

2. Die Liberale welvaartstaat-model in Brits-Amerikaanse wêreld.

Doel: Om ergste vorme van ongelykheid en armoede uit te skakel ter wille van behoud van vrye mark-kapitalisme. (Liberaliste sien ongelykheid en armoede bloot as 'n markmislukking en nie as 'n strukturele probleem nie.)

3. Sosiaal-demokratiese welvaartstaat-model in Skandinawië en in die Benelux-lande.

Doel: Om sosiaal-ekonomiese stratifikasie gelyker te maak ter wille van groot regverdigheid en beter "sosiale regte".

REDES VIR DIE OPKOMS VAN DIE WELVAARTSTAAT: PROBLEEMSTELLING

- a) Vóór 1750 het sosiale "netwerke" voorkom dat individue in armoede en ellende verval – 'n "beskaafde sosiale reproduksie" kon dus plaasvind.
- b) Industrialisme, verstedeliking en (meëdoenlose) arbeidsmarkte vernietig die sosiale "netwerke" van beskerming.
- c) Volgens Marx word arbeid deur industriële kapitalisme gereduseer tot kommoditeitie – pampoenifisering of kommodifisering van arbeid.
- d) Oorkoepelende doelwit van die welvaartstaat is om arbeid te dekommodifiseer.

"LOGIKA VAN INDUSTRIALISME" TEORIE

1. Industrialisasie maak nie net Sosiale Beleid noodsaaklik nie, maar ook moontlik.
2. Noodsaaklik: Industrialisasie en (meedoënlose) arbeidsmark vernietig sosiale "netwerke" en skep behoefte na nuwe sosiale netwerke ter wille van sosiale reproduksie.
3. Moontlik:
 - a) Industrialisasie verhoog belastingkapasiteit
 - b) Industrialisasie gaan hand aan hand met opkoms van burokrasieë en doeltreffende organisasies.
4. Hierdie teorie bied tog nie bevredigende verklaring vir die opkoms van welvaartstaat nie. Brittanje: Poor Laws van Elizabeth I in 1834 afgeskaf en bevredigende welvaartstaat eers in 1945 ingestel. Tydperk (1834-1945) – wrede 111 jare – skep "two-nation-nation".

2

"LOGIKA VAN KAPITALISME" - TEORIE

1. Marx: Kapitalisme skep kontradiksies wat mettertyd legitimiteit en voorbestaan van kapitalisme bedreig.
2. Onwerheid die (dienswillige) instrument van die bourgeoisie – poog om legitimiteitskrisis met welvaartstaat te beredder.
3. Ook nie oortuigende teorie nie – slegs sosiaal-demokratiese welvaartstaat goed genoeg om legitimiteitskrisis van kapitalisme redelik te beredder.

"LOGIKA VAN DEMOKRASIE" – TEORIE

1. Volgens hierdie teorie kon welvaartstaat (ter wille van die laerstand) nie ontstaan solank grondaristokrasie en burgerstande die parlemente beheer het.
2. Teorie nie oortuigend nie: welvaartstaat word deur die outokratiese Tweede Duitse keiserryk begin.
3. Net in Skandinawiese lande kom 'n Rooi-Groen koalisie (arbeiders en landbouers) vóór TWO aan bewind – Mobilisering van linkse arbeiders en ontevreden kleinboere vir 'n sosiaal-demokratiese welvaartstaat in betrokke lande vóór TWO.

T H MARSHALL SE PLEIDOOI VIR ELKE MENS SE "SOSIALE REGTE"

(3)

DIE REDES WAAROM ELKEEN VAN DIE WELVAART-STAAT-MODELLE KOMMODIFISERING VAN ARBEID PROBEER TEENWERK HET

1. Volgens Marshall:

18de eeu: Stryd ter wille van (gelyke) juridiese regte

19de eeu: Stryd ter wille van (gelyke) politieke regte

20ste eeu: Stryd ter wille van (gelyke) sosiale regte

2. Volgens Marshall het moderne (20ste eeuse) staat nie alleen die taak om eiendomsregte te beskerm nie, maar moet hy óók aan elke mens 'n sekere minimum van "sosiale regte" bied.

3. Eiendomsregte van die eienaarsklas moet afgeskaal word, om as't ware ruimte te skep vir die "sosiale regte" van almal. Minimum van "sosiale regte" moet vanaf overhedsweë voorsien word met belasting wat eienaarsklas betaal.

4. Sosiale regte moet nie met menseregte verwar word nie.

5. "Sosiale regte" is mettertyd as 'n Reg (Entitlement) beskou. – Dit het negatiewe effek op arbeidsinisiatief.

1. Konserwatiewe model : omdat dit die oud-modiese politieke bestel in Kontinentale lande in gevaar sou stel.
2. Liberale model : Liberaliste het in 19de eeu die kommodifisering van arbeid beskou as voorvereiste vir die suksesvolle werking van die mark. (Bv. toe die Poor Laws herroep is.) Eers toe kommodifisering voortbestaan van kapitalisme bedreig het, het Anglo-Amerikaanse Saksiese lande armoede vangnet ingestel.
3. Marxitiese ambeivalent oor kommodifisering :
 - a) Ortodokse Marxiste wou hê kommodifisering moet vererger ... totdat 'n totale Revolusie onvermydelik sal plaasvind;
 - b) Revisioniste (later Sosiaal-Demokrate) pleit vir geleideelike sosiale hervorming. Hulle word die pleitbesorgers vir die welvaartstaat ná die EWO, maar veral ná die TWO.

KONSERWATIEWE BENADERING EN DEKOMMODIFISERING

(4)

1. Korporatistiese benadering

- a) Dit sien gemeenskap as 'n soort "organisasie" of korporatiewe geheel. Beklemtoon die onderlinge lojaliteit en morele verantwoordelikheid van individue teen mekaar – Vrees oordrewe individualisme en materialisme as 'n vorm van sosiale ontwigting.
- b) Dit wil die skade wat industrialisasie aan sosiale "netwerke" berokken het, herstel deur die horlosie terug te draai deur "ou sosiale strukture (veral uitgebreide families) in ere te herstel. (Dit was Bismarck se benadering).

2. Estatistiese benadering

- a) Volgens hierdie benadering het die staat 'n vaderlike of paternalistiese benadering teenoor sy onderdane (kinders).
- b) Hierdie benadering is nie vyandig teenoor die rol van die Staat soos die Liberaliste en die Ortodokse Marxiste nie.
- c) Estatistiese benadering aanvaar as vanself-sprekend dat individue "sosiale regte" het waarin die owerheid moet voorsien. Voorloper van TH Marshall.

LIBERALE BENADERING AANVANKLIK ONVERSKEILIG TEENOOR KOMMODIFISERING

1. Terwyl Konserwatiewe benadering gevrees het dat markmededinging morele standarde sou ondermyne, het Liberaliste gevrees dat sosiale hulp van owerheidsweë tot morele korruptie en ledigheid sou lei.
2. Liberaliste beweer dat diegene wat in kapitalisme uitsak vir hulle mislukking verwyt moet word en dat die stelsel (kapitalisme) nie die skuld moet kry nie.
3. Liberaliste net bereid dat armes staatshulp kry toe hulle die voortbestaan van kapitalisme bedreig het.
4. Die Stelsel wat van 1834 tot 1945 in Brittanje bestaan het was 'n te lank uitgerekte arbeidsonderdrukkende stelsel.
5. Die welvaartstelsel en "sosiale regte" word in veral VSA sedert 1980 sterk teruggesnoei omdat kapitalisme se voortbestaan nie meer bedreig word nie.

9 (2)

DIE SOSIAAL-DEMOKRATIESE SE SUKSESVOLLE DEKOMMODIFISERING

1. Marxiste beweer dat die kommodifisering van arbeid net beëindig kan word deur Kapitalisme te beëindig.
2. Revisioniste staan vóór EWO voor 'n lastige dilemma. Hulle wil graag sien dat owerheid 'n sosiaal-demokratiese beleid volg, maar vóór EWO (en selfs vóór TWO) was regerings in Westerse lande óf in konserwatiewe óf in liberalistiese lande. Revisioniste kon hierdie soort regerings nie met welvaartstaat vertrou nie.
3. Eers ná TWO kóm Sosiaal-Demokratiese en/of Arbeider-regerings in verskeie lande aan bewind en implementeer sosiaal-demokratiese beleidsmaatreëls – beëindig kommodifisering.

DIE AFRUILINGSPROBLEEM Ná 1973

1. In Goue Era (1950-1973) was dit maklik om 'n positiewe som afruiling te bewerkstellig ('n wen-wensituasie).
2. In 1973 beskik laerstand oor heelwat meer herverdelingsmag as in sê 1950.
3. Ná 1973 word afruiling tussen werkverskaffing en sosiale regte besonder moeilik.
4. In 1960s vind oorgang na post-industriële gemeenskap plaas – dit bewerkstellig 'n "fundamental employment change" – Opkoms van die dienstesektor.
5. Owerhede voor nuwe uitdagings: hoe moet verdeelingskonflikte in die "nuwe" wêreld van (1) stagflasie én (2) post-industriële gemeenskap bestuur word?

AFRUILINGS IN SWEDE

1. Gesentraliseerde vakbonde gewillig tot deurlopende rondetafel gesprekke oor lone, makro-ekonomiese beleid, oor heropleiding en oor die rol van welvaartstaat in werkskepping.
2. Vanweë heropleidingsprogramme en werksgeleenthede wat in dienstesektor van openbare sektor geskep is, is werkloosheid laag gehou.
3. Toekoms onseker.

AFRUILINGS IN DUITSLAND

1. In Goue Era drie faktore vergemaklik positiewe som afruiling:
 - a) Bundesbank
 - b) Vakbonde relatief swak
 - c) Groot aanbod van arbeid – vlugtelinge uit Oos-Europa en gasarbeiders uit Turkye.
2. Ná 1973 streng fiskale en monetêre beleid – werkloosheid styg van 8% in 1983 tot 12% in 1997.
3. Situasie word in Duitsland bemoeilik deur:
 - a) Swak groei van dienstesektor in sowel private as openbare sektore
 - b) Integrasie van Wes- en Oos-Duitsland
 - c) Streng maatreëls om aan vereistes van Maastricht te voldoen
4. Pogings om werkloosheid te verminder deur:
 - a) aftrede op 55
 - b) terugstuur van gasarbeiders
5. Goere werkloosheidsvoorsiening.

(6)

AFRUILINGS IN DIE VSA

1. Goue fase: afruiling 'n positiewe somspel.
2. Ná 1973 styg overheidsbesteding en belastings baie skerp – Dit lei tot 'n belastingopstand.
3. Carter veroorsaak "politieke konjunktuur-afswaai" met streng anti-inflasie maatreëls – verloor verkiesing van 1980.
4. Reagan wen danksy belastingopstand – Hy verminder belasting en verhoog bestedings op verdediging – Groot begrotingstekorte. VSA word debietland.
5. Buigbaarhede op vrye arbeidsmark lei tot groot werk-skepping – veral in die dienstesektor van die private sektor.
6. Donkerkant: - 'n nuwe proletarisering en kommodifisering van arbeid – Baie werksgeleenthede is "junk-jobs" in die "fun services" – VSA bereik redelike volle-indiensneming ten koste van "sosiale regte".
7. VSA ekonomie – anders as Duitsland – volledig in die post-industriële gemeenskap. Dienstesektor groei vinnig in die private sektor.

DIE BRITS-AMERIKAANSE WERELD

1. Die ekonomiese groeikoers sedert 1950 laer in B-

A wêreld as in Kontinentale lande (K-lande) -

hoogste in Japan (GOES, tabel 7.1)

2. Owerheidsbesteding laer in B-A wêreld as in K-

lande, maar hoër as in Japan (GOES, tabel 7.3).

3. Sosiale bestedings laagste in Japan maar laer in

B-A wêreld as in K-lande. Sedert 1980 het B-A

wêreld Sosiale Bestedings skerp teruggesnaei.

4. 'n Verdere vermindering van Sosiale Besteding

een van die hooftemas in Presidentsverkiesing

1996.

q. Die aard en die ontwikkeling van die "Mix" van
Mixed Capitalism verstrek
 bare in die wêrelddele
 maar al die is "Mixed-Cap"

TABEL 7.3 Owerheidsbesteding (G) as persentasie van die bruto binnelandse produk (G/BBP): 1880–1988

	Brittanje	Frankryk	Duitsland	Japan	VSA	15 geïndustrialiseerde lande*
1880	10	15	10	11	8	-
1929	24	19	31	19	10	-
1950	32	29	29	-	22	29
1960	32	35	32	18	28	30
1970	38	38	37	19	34	35
1988	43	50	45	33	37	48

* Die 15 geïndustrialiseerde lande waarna verwys word, is dieselfde as in tabel 7.1.

Bron: Aangepas uit *World Development Report*, p. 139 en T.R. Cusack, *The changing contours of government*, tabel 1.

(c)

(d)

IDEOLOGIESE INGESTELDHEIDGroeikoers

1950-73 / 1973 - 79

Brittanje	3,0	1,7
Duitsl.	6,0	2,4
Frank.	5,1	2,1
Japan	9,7	3,8
VSA	3,7	2,4

1. Die onderliggende filosofie in B-A wêreld is die van liberale Kapitalisme en in K-lande dié van SOSIALE demokrasie (wêrelde uitmekaar).
2. B-A wêreld meer individualistes en materialistes as K-lande. B-A wêreld meer korttermynwingsgeoriënteer ("shorttermism").
3. B-A wêreld het nie 'n goed-ontwikkelde opvatting van die gemeenskap as kollektiewe entiteit nie (Thatcher sê by geleenthed: "There is no such thing as society").
4. Britse lewenshouding dié van "reductionist materialism and possessive individualism" (GOES, p. 207).
5. Brittanje 'n twee-nasie nasie. Klasseverskille speel steeds deurslaggewende rol.
6. VSA gekenmerk deur 'n soort "cowboy-individualisme" ("America is a free country" - elkeen kan maak soos hy wil).
7. VSA het 'n drie-nasie nasie geword: 40% ryk "suburbia", 30% "rural" en 30% "inner-city" mense. Lg. meesal Afro-Amerikaners vasgevang in 'n soort sub-kultuur van armoede.

DIE STAATSOPVATTING IN VERHOUING TUSSEN PRIVATE EN OPENBARE SEKTORE

1. B-A wêreld handhaaf 'n eng opvatting van die staat. Dit het hoofsaaklik die rol van 'n "nagwag".

2. Volgens John Locke kom die burgerlike gemeenskap vóór die staat tot stand. Die politieke owerheid se enigste taak is om die eiendomsregte te beskerm. Staat kan omvergewerp word - selfs revolusionêr. (*Staat se hoof taak die beskerming van burgerstandbelange*
B-A-staatsopvatting vind dit moeilik om staatsopvatting vind dit moeilik om
staat se wervuurfusie te
antwoedeer.)

3. Gedurende die Laissez-faire 19de eeu het staat uiters beperkte rol in B-A wêreld gespeel (K-lande nooit so Laissez-faire nie).

4. 'n Simplistiese interpretasie van Adam Smith se "Onsigbare Hand" dien as ideologiese regverdiging vir ongebredelde Kapitalisme in B-A wêreld. (Hierdie interpretasie vulgariseer Adam Smith).

Staat speel in alle gindustrialiseerde lande 'n groot en strategies onmisbare rol. In B-A wêreld probeer die ^{VR796 (SJT 40)} wêrgewarkeurs en die neo-klassieke paradiagsa on hierdie rol te verklein een

5. Terwyl K-lande 'n enigsins paternalistiese opvatting van die staat handhaaf, beskou B-A wêreld dit as 'n onmisbare ergenis.
6. Terwyl daar 'n deurlopende vyandigheid tussen private en openbare sektore in B-A wêreld is, is die verhouding in K-lande een van samewerking en in Japan een van 'n noue vennootskap.
7. Die sterk regse swaai van Reagan en Thatcher het berus op openlike vyandigheid en agterdog teenoor die owerheid (Reagan se slagspreuk: "Washington moet afklim van die ruê van Amerikaners sodat hulle weer vry kan word!)
8. Die ultra regse militias in die VSA verkondig 'n openlike vyandigheid teen Washington en pleit vir 'n soort anarchisme waar elkeen kan maak en breek soos hy wil.

(10)

REAGONOMICS

1. Dit verteenwoordig 'n groot ideologiese swaai na regs om die horlosie terug te draai na voor die New Deal (1933).
2. Dit berus op die volgende:
 - a) Anti-belasting sentimente - tans sterker as ooit
 - b) Op die supply-side Economics (As belasting verminder sal groei styg en staatsinkome ook styg). Dit misluk skouspelagtig.
 - c) Veldtog teen die "evil empire" lei tot 'n skerp toename in bestedings op verdediging.
 - d) Amerikaanse staatskuld vervierdubbel in die 1980s.
 - e) Reagonomics geinspireer deur Milton Friedman se vryemark ideologie (Friedman het met sy monetarisme overhede op oortuigende wyse blameer vir inflasie).
3. In 1980 was die V.S.A. die grootste kredietland wat die wêreld nog gesien het. In 1990 het dit die grootste debietland geword — Danky Reagan

THATCHERISM IN BRITTANJE

A

1. Sy slaag daarin om die oordrewe mag van die vakbondwese (vanweë hulle noue alliansie met Arbeidersparty) te breek.
2. Grootskeepse privatisering (MacMillan blameer haar dat sy die "royal silver" vir appel-en-uie verkoop).
3. Na oordrewe nasionalisering na 1945 was privatisering moontlik geoorloof. Dalk oordoen.
4. Keegan beweer dat sy "public squalor and private affluence" geskep het.
5. Thatcher probeer om die "Victorian values" van die 19de eeu in ere te herstel, d.w.s. tipiese bourgeoisie waardes wat laerstand met minagting bejën.
6. Thatcher omskep "huur-huis"-stelsel in huiseienaarskap. Gedeeltelik geslaagd.
7. Falkland-oorlog en die kiesafdelingstelsel hou haar vir 11 jaar aan bewind.
8. Inkome én eiendom sedert 1980 baie ongelyker verdeel in B-A wêreld.
9. Britse onderwysstelsel ongeskik vir moderne industriële land. — Blameer Mr Thatcher.

1. NOVAK (PRO) DIE VERDIENSTE VAN KAPITALISME:


a) Pluralistiese struktuur van moderne maatskappye:

Economiese sfere

Politieke sfere

Moreel-kulturele sfere

Sfere "grens" mekaar af - lê "perke" op mekaar - "humaniseer" mekaar.



b) Kapitalisme:

Hef armes op. Dit burger Demokratiese waardes in en bevorder "skeppingsvermoë", ens.

c) "Common Good" nie die resultaat van goeie bedoelings nie, maar resultaat van vryheid om individuele visie van "common good" te hê.

Hierdie visies word saamgevat (deur die mark-meganisme?) en produseer 'n hoër vlak van die "common good" as wat voorheen moontlik was.

2. 'N STELSEL KAN NIE MOREEL OF IMMOREEL WEES NIE.

- a) Wristan (Pro)

Moraliteit verbind aan individue. Instellings (stelsels) kan nie moreel of immoreel wees nie. (Stem u saam?)

- b) Glo dat vryheid die belangrikste morele waarde is.

- c) Niemand "smart" genoeg om ekonomiese vir die goeie van almal te "stuur" nie. Maar prysmeganisme maak "sensible economic decisions" vir eie lewe moontlik.

Kapitalistiese stelsel

3. ONDERMYN BURGERSTAND DEUGDE EN MORALITEIT:

- a) Lekachman (Anti)

- i) Die amorele strewe na wins ondermyne die burgerstand deug waarop Kapitalisme gebou is: SPAARSAAMHEID (Vrekkerigheid). Reklamewese en Consumerisme teen grein van burgerstand deugde

- ii) Ongelyke ekonomiese mag lei tot ongelyke politieke mag - Ekonomiese mag baie ongelyk verdeel in VSA. Baie nadelig. Teen grein van demokrasie.

- iii) Moraliteit van Kapitalisme hang af van die "external constraints" wat kapitalistiese gedrag aan bande lê. Kapitalisme in Kanada en Swede beter as in VSA danksy beter beperkings.

10

- b) Steinfels (Anti)

- i) "Enterprise is a virtue", maar Kapitalisme is 'n proses van "skeppende vernietiging". As mens te deurgaam optree, word mens vernietig.

- ii) Die somtotaal van kragte (prosedures) wat op individuele kapitalis inwerk, maak morele gedrag in harde werklikheid moeilik. (N.B.)

- c) Lekachman: Soms word motors berekend (lewens)-gevaarlik gebou om koste te bespaar. Wristan (Pro) antwoord: "This (USA) is a free society!!" Is mens ry om ander roekeloos onder te ploeg?

- d) Novak (Pro): Meer politiek regulasie moet gevaaarlike motors van die pad hou (d.w.s. staat moet vir moraliteit sorg). Hy beywer hom nie vir ongebredelde kapitalisme nie, maar vir Demokratiese Kapitalisme.

4. DIE NADELE VAN MEDEDINGING:

- a) Steinfels (Anti): "Competition in the free market may encourage certain kinds of vices".

- b) Novak (Pro): Erken dat "competitive principle does have its downside".

- c) Steinfels: Ons vorder as pro-kapitaliste erken dat daar 'n "institutionalised downside" aan die vrye mark verbonden is. Wat doen ons daaromtrent?

5. STRUKTURELE OORWEGINGS

a) Lekachman (Anti):

Nie goed genoeg om alles wat verkeerd gaan aan die gebrek aan moraliteit van individuele mense te wyt nie. Ons moet eerder kyk na die struktuur van beloning en straf verbonden aan die verskillende rolle wat mense binne 'n bepaalde stelsel speel. (Rewards and penalties).

b) Novak (Pro):

Ander stelsels plaas mense onder slechter "pressures".

6. DIE AANBIDDING VAN DIE MAMMON GOD

a) Lapham (Anti): In kapitalisme vind ons 'n "worship of the bottom line". "Wealth being the greatest good, (it) buys all the other goods" (Vergedeliking van die hele lewe).

Gevollik: Met kapitalisme "you have set up a system in a way which will lead it to eat itself".

b) Wriston (Pro): Die strewe is nie net na (geldelike) rykdom (wealth) nie, maar na "profyt" en dit sluit status, aansien en erkenning in.

c) Lekachman (Anti): In kapitalisme word oordrewe waarde aan geld verleen en gevaarlike lae waarde aan die mens se selfverwesenliking (human fulfilment).

d) Novak (Pro): In geen ander land is daar soveel werksgleenthede in die "not-for-profit" sektor soos in VSA nie.

e) Berger (Pro): "Advanced industrial capitalism has generated, and continues to generate, the highest material standard of living for large masses of people in human history".

7. TOEKOMS VAN KAPITALISME:

a) Lapham (Anti): Wat van die toekoms van Kapitalisme? Is dit onsterflik? Vir hom (Lapham) is dit bloot 'n meganisme. Dit mag "suksesvol" wees, maar die VSA is nie 'n land "filled with happy faces".

b) Steinfels (Anti): Hy vrees nie die dood van kapitalisme nie, maar die moontlikheid dat dit 'n "all-consuming success" mag hê. Dit verander die morele karakter van mense en ook basiese menslike verhoudings.

c) Lekachman (Anti): Kapitalisme bevorder "a set of games in which there are inevitable more losers than winners.

d) Novak (Pro): In 'n land (VSA) waar 13 000 nuwe maatskappye jaarliks gestig word, word 'n groot klomp wenners geskep en baie vaste werksgleenthede.

(*PRO*) Novak: Kapitalisme los mense se oorlewingsprobleme op. Dit skep geleenthede om na SIN en betekenis van lewe te soek. Is dit waar? Is Amerikaners bekommerd oor die SIN van die lewe? (Moes die Amerikaners nie al lankal begin het nie? Wat sal Aristoteles sê?)

8. **NEW DEAL EN DEMOKRATIESE KAPITALISME**
- a) Lekachman (Anti): Die New Deal was meer hoopvol, meer vindingryk, meer "public-spirited" periode as laaste 10 jaar. Vanaf 1933-1973 is kapitalisme meer draaglik gemaak deur welsynstaat.
 - b) (*PRO*) Novak : Die idee van Demokratiese Kapitalisme sluit die New Deal in. (Hy gee toe dis meer "moreel" as Laissez-faire kapitalisme).
 - c) George Will (Pro): "The market delivers rough justice. The welfare state takes the roughness out of the justice".
9. **VAN WAAR DIE HAAT TEEN KAPITALISME?**
- a) Novak verbaas oor Lapham se haat teen kapitalisme. Hy beweer Amerikaners word geleer om kapitalisme te haat. (Deur wie: Die intellektueles?)
 - b) Schumpeter (Pro & Anti): "... Capitalism creates a critical frame of mind which ... turns against itself ... and destroys its moral authority".
 - c) Berger (Pro): "The new "knowledge class" (occupied in the production and distribution of symbolic knowledge) in Western society is a major antagonist of Capitalism."
 - d) Steinfels (Anti): Ontken die vyandigheid. Hoewel daar kritiek teen Kapitalisme is, verkeer dit nie in 'n legitimiteitskrisis nie.

ALVIN HANSEN

"After ten years of almost incredible output performance we (in the USA) need to assess not merely the speed of our growth and progress, but also the direction in which we are going. What qualitative goals shall we set up? ... We have learned how to make a living, we have still to learn how to live" (1965)

1. The institution that most changes over lives we least understand - the Big Corporation.

2. There is a corporate myth which is carefully assiduously propagated - and there is the reality. They bear little relation to each other.

3. The modern corporation lives in suspension between fiction and truth.

(15)

DIE MITES RONDOM GROOT KORPORASIES

Mite no 1

Die bestuur van 'n korporasie is onderdanig aan die eienaars (aandeelhouers).

Mite no 2

"The Corporation's purpose is to make money by making things - to do well by doing good. It does best when it serves the public best".

Mite no 3

The Corporation is wholly subordinated to the market - what the consumer most wants, the market, in prices and sales, best rewards.

Myth no 4

The consumer has sovereign power and therefore the corporation is subject to the power of the public. "The Consumer is the King ... each is a voter who uses his money as votes to get the things done he wants done" (Samuelson).

DE REALITEIT RONDOM GROOT KORPORASIES

Korporaties beïnvloed markt \rightarrow Huile is "price-administering oligopolists".

The power of the Corporation is perpetuated by the myth
that the Corporation is the puppet in the market ... and by
the propaganda that corporate power does not exist.

Where the myth departs so sharply from the reality the purpose of the myth is to CONCEAL.

The myth must conceal the Big Corporate Lie!!

The myth that holds that the great corporation is the puppet of the market, the powerless servant of the consumer, is one of the devices by which its POWER is perpetuated.

DIE KORPORASIE EN MAG

1. The modern corporation has power. Men love the exercise of power.
2. Groot Korporasies stuur hulle uitvoerende amptenare na skole vir sensitieweitsopleiding - bedoelende die sensitiewe uitoefening van MAG.
3. In teenstelling met die politiek, is die persoonlike lewe van die direkteure van korporasies baie privaat (The world of corporate power is a carefully protected one).
4. Die openbare verantwoordelikheid van korporasies word aanhoudend gepropageer ("If men speak often enough of their virtue, they may well persuade themselves to its virtue").

DIE GROOT KORPORASIES EN GRANDIOSE STRUKTURE

"The dominant theme of every age is reflected in the grandest of its structures"

1. RELIGION is reflected in the Cathedrals of the middle ages.
2. The NATION STATE in Versailles.
3. Industrial Revolution in the RAILROAD DEPOTS.
4. MODERN SPORT in the Astrodome and Ellisspark.
5. MODERN CORPORATIONS in its skyscrapers.

Galbraith beskryf die groot korporasies as 'n gesamentlike
Tegno-struktuur wat 'n erg religieuse karakter verkry het.

TECHNOSTRUCTURES (TS)

1. The managers of the TS are the new universal priesthood.
2. Their Religion is business success.
3. Their test of virtue is growth and profit.
4. Their bible is the computer printout.
5. The communion bench is the committee room.
6. Their sales force carries their message to the world.
7. Recreation is for regeneration of the business spirit.
8. Sex is for better sleep.
9. The Jesuits of this austere faith are the Graduates of Harvard Business School.

THE FUTURE OF BIG CORPORATIONS

1. The large corporation is here to stay.
2. The one thing worse than a WICKED corporation is and INCOMPETENT one.
3. How can we restore the public accountability of the m.corporation? - By a democratic election of the board and the management and by the appointment of watchdogs on the board of Directors?

Moet die RNE sê
'n derde van die
direkteure van groot
korporasie (Anglo-American,
Rembrandt, Sanlam,
Old Mutual ens) vir
tydperk van drie jaar
aanstel wat verslag doen
aan die Parlement?

(19)

DIE OPKOMS VAN BIG BUSINESS VOLgens HEILBRONER

1. Die eerste golf na Bigness (1880 - 1910)
 - (a) Dit het eerder mededinging verskerp.
 - (b) Groot ondernemings kon VSA wyd opereer.
 - (c) Mededinging word nie net meer "extensive" nie, maar ook meer "expensive".
 - (d) Neiging tot "cutthroat competition" ontstaan. Mededinging word "increasingly drastic".
2. Beperking van mededinging om die "koste" en "geweldadigheid" daarvan te beheer:
 - (a) "Gentlemen's agreements", "pools" en prysleierskap tussen oligopolieë (almal bang dat vrede versteur word).
 - (b) Trustvorming, "mergers", "holding companies".
3. Anti-Trust wetgewing om ekonomiese feodalisme teen te werk.

Kon nie effektief toegepas word nie.

Die Duitse ant-karte/wette werk blybaar redelik suksesvol

(20)

IMPAK VAN BIG BUSINESS OP AMERIKAANSE SAMELEWING

1. Is die mag om te kontroleer nog in die hande van die verbruiker?
 - (a) In 1989 is \$124 biljoen op reklame bestee - 'n bedrag gelyk aan 3/4 van besteding op elementêre en sekondêre ONDERWYS
 - (b) Verbruiker dra die koste van reklame en van oligopolistiese pryse (soos bepaal deur die prysjeier).
 - (c) Verbruikers kry nie meer wat hulle (aanvanklik) wou hê en allermens so goedkoop as moontlik.
2. Internasionale mededinging

Vanweë gebreklike modernisering en produktiwiteit van Amerikaanse firmas groot ruimte vir internasionale mededinging.

VERSKILLEnde GOLWE VAN KONSENTRASIE

1. Eerste golf: 1880 - 1910: Trustvorming.
2. Tweede golf: 1951 - 1980: Mergers (100 firmas best 50% van alle industriële bates). Pax America skep ruimte vir Multi-Nasionale maatskappye.
3. Derde golf na 1980 vanweë inflasie en Reagan - Terugkeer na Rugged Capitalism van die tweede helfte van die 19de eeu.
4. Berle en Means waarsku in 1948: "... a society in which production is governed by blind market forces is being replaced by one ... control of a handful of individuals".
5. Het dit gebeur? Vir 75 jaar het geen substansiële toename in die monopolistiese aard van die ekonomie as geheel plaasgevind nie. Wat beteken dit?

WAT KAN GEDOEN WORD TEN OPSIGTE VAN DIE MAG IN DIE HANDE VAN MODERNE KAPITALISME?

1. Kan mens groter sosiale verantwoordelikheid van hulle verwag? Nee, sê Friedman. Hulle doel is om geld te maak.
2. Het firmas vanweë die groot mag 'n "professionele" verantwoordelikheid as 'n "Sosiale Arbiter"? Ja, maar wie sien toe dat hulle 'n goeie skeidsregter tussen belangegroepe is?
3. Is dit uit die oogpunt van Sosiale Verantwoordelikheid gewens dat Big Business (deur anti-trust wetgewing) in 'n aantal kleintjies gedeel word? Ja, maar sal die kleintjies klein genoeg en meer verantwoordelik wees? (Buitendien mededinging is 'n sosiale aangeleentheid waaraan alle partye lippediens bewys, maar wat deur ekonne ernstig opgeneem word).
4. Sal dit uit 'n Sosiale Verantwoordelikheidsoogpunt gewens wees om Big Business te nasionaliseer? Waarskynlik nie.
5. Kan groter openbare verantwoordelikheid en deursigtigheid (openbaarmaking) op Big Business afgedwing word? Ja, maar hoe?

1. Hierdie lande handhaaf 'n ander wêreldbeskouing, 'n ander siening van die MENS en die MAASKAP-PY en ook 'n ander STAATSOPVATTING.

Hierdie ander beskouings lê ten grondslag van hulle Sosiale Demokrasie, Sosiale Korporatisme en/of Sosiale Kapitalisme.

2. Siening van die gemeenskap "organies" en gevvolglik het die owerheid 'n groot verantwoordelikheid om die samehang en die gesamentlike lojaliteit van die nasiestaat te beskerm en uit te bou. (Almal is goedgeïntegreerde een-nasiestate).
3. In K-lande bestaan daar groot wedersydse vertroue ("trust") jeens mekaar.
4. In Duitsland is 'n individu 'n deel van die Duitse GEMEINSCHAFT en nie bloot deel van die "Society" of "Gesellschaft" nie. Só ook in ander K-lande.

1. Harrod beskryf Frankryk en Japan as "State Societies" en die VSA en Brittanje as "Stateless Societies".
2. Ons sou al die K-lande (met die moontlike uitsondering van Italië) ook as "State Societies" kon beskryf.
3. K-lande het 'n baie beter begrip van die "Openbare Belang", "Nasionale Belang", "General Will", as in die B-A wêreld. Volgens Marquard begryp die Britte "public goods" maar nie "public good" nie.
4. Frankryk kan beskryf word as 'n "technocrat's paradise" vanweë die strategiese rol wat die goedgeskoolde burokrasie daar speel.

Frans

5. Staatsamptenare word in die "Grandes écoles"

geskool. Waarskynlik die beste in wêreld. Lede van die "grandes corps" is strategiese spelers in die beleidmakende proses.

6. Franse ekonomiese beleid kan as "indicative planning" beskryf word.

~~Owerheid speel die rol van in olirgent wat die orke
rol van in olirgent wat die orke
= private sektor dirigeer (Dirigisme)~~

7. In Skandinawiese lande is die welvaartstaat en "sosiale korporatisme" baie hoog ontwikkel. I.p.v. die B-A wêreld se "rugged capitalism" is hierdie lande "caring societies".

8. In Benelux-lande is burgerlike vryheid, regte en verantwoordelikhede hoogs ontwikkel.

9. In Duitsland bestaan besondere venootskappe tussen Arbeid, groot besighede en die owerheid.

~~Sedert Hipper inflasie (1922)
is die Duitse arbeidsmark
besonder goed georganiseerd~~

~~In besondere kenmerk van Duitse
sosiale marktekonomie is die saamwerkung
tussen vakbondse en bestuur omdat
hulle erken dat hulle ekonomies afhanglik op~~

(do)

DOELSTELLINGS VAN DIE DRIE STELSELS

Ons sou die veralgemening kan maak dat die doelstellings van kapitalisme in die drie wêrelddele nie dieselfde is nie. Die "trade-offs" wat gemaak word, is ook verskillend:

1. In die B-A wêreld word sedert 1980 voorrang aan individuele vryheid en ongebreidelde mededinging gegee ongeag die feit dat dit groter ongelykhede veroorsaak. (Dit word gedoen ter wille van hoér groei wat nie juis gematerialiseer het nie).

2. In die K-lande word groter voorkeur aan billikheid en die sosiale samehang van die gemeenskap gegee ongeag die feit dat dit tot groter werkloosheid lei. Die feit dat hierdie lande meer besorg is oor die menslikheid van die stelsel kan moontlik ekonomiese groei belemmer. Die groeikoers van hierdie lande was sedert 1950 hoér as die van die B-A wêreld. ~~Probeer om Sosiale Welvaart te bevorder~~

3. In Japan het die doelwit van die hoogsmoontlike ekonomiese groeikoers in veral die derde kwart van die eeu bykans algehele voorrang geniet ongeag die effek daarvan op die "gemeenskap" en op die "omgewing". In die afgelope 20 jaar word die ekologiese effek verantwoord, maar die destruktiewe effek van die hoë groei op die gemeenskap kan blybaar nie ongedaan gemaak word nie.

DIE JAPANESE MODEL

(Hoofst. 14)

11

1. 'n Totale ander wêreld. In plaas van B-A liberale kapitalisme en K-lande se Sosiale Demokrasie is die Japanese ideologie dié van "Japan Inc." - 'n noue vennootskap tussen die burokrasie, die Liberaal-Demokratiese Party (LDP) en die groot besigheidsorganisasies.
2. Alhoewel dit 'n markgeoriënteerde ekonomie is, speel owerheid en/of burokratiese deelname 'n groter rol, word die "mark" veel meer deur "beplanning" aangevul as in ander kapitalistiese lande.
3. Japan kan beskryf word as 'n "korporatiewe staat" - 'n homogene bevolking, met groot nasionale lojaliteit, waar alle groeperinge en instellings 'n gesamentlike gevestigde belang het in die ekonomiese sukses van hulle gesamentlike "korporasie" - "Japan Inc."
4. In die burokrasie, in die LDP en in elkeen van die vyf of ses groot besigheidsorganisasies bestaan daar netwerke van navorsingsafdelings. Navorsers wat in elk van hierdie drie "wêrelde" oor dieselfde ding navorsing doen, ontmoet gereeld rondom rondetafels: Dit word *patterned pluralism* genoem.
5. Japan se sukses berus op beter besluitneming wat op beter *inligting* berus, danksy "mark" én "rondetafels".

(25)


11(b)

	VSA	Japan
1950	100	18
1979	100	72
1989	100	114

1989 Japan \$23,810

VSA \$20910

AMERIKAANSE OKKUPASIE (MacARTHUR)



- HCC 8
1. Baie konstruktiewe okkupasie
 - a) ontneem keiser van goddelikheid
 - b) verbeter die reeds goeie onderwys-stelsel en demokratiseer dit
 - c) bewerkstellig ingrypende grondhervorming
 - d) probeer groot ondernemings aftakel - maar misluk
 - e) probeer burokrasie hervorm - maar misluk.
Die invloed van die Samurai bly bestaan.
 2. Met die uitbreek van Koreaanse oorlog (1950) besluit VSA om te onttrek. Doen dit in 1952.
 3. Die LDP word georganiseer uit verskeie "regse" faksies. Dit is 'n uiterst "ekonomies"-georienteerde party. Regeer ononderbroke van 1952 tot 1993.
 4. LDP se beleid deurgaans "besigheid" en "ekonomiese groei"- vriendelik.

Liberaal Demokratiese Party

DIE SAMURAI EN DIE SAMURAI ETHOS

1. In 1600 het die Tokugawa familie die faksie-oorloë beeindig en vrede gebring. Van 1600 tot 1868 was die Samurai die "warrior class" met groot prestige en verantwoordelikhede.
2. In 1868 vind die Meiji-restorasie plaas en word Japan gemoderniseer volgens voorbeeld van die Weste.
3. In 1873 word diensplig ingestel en word Samurai onthef van hulle "oorlogsfunksie". Hulle word die burokrate wat aan Japan uiters lojale amptenare met groot pligsbesef gee. Hulle het besonder geloof in rol van onderwys.
4. Van 1931 tot 1945 domineer die militante weermag Japan en dompel hom in oorloë - van Pearl Harbour tot Hiroshima.

*Tydperk van aggressiewe
Japanese Kolonialisme*

MOONLIKE REDES VIR DIE JAPANESE SUKSES

1. Goeie onderwys-stelsel sedert Meiji-restorasie (1868) wat hoë eise aan skoliere stel en hoofsaaklik op tegnologie en natuurwetenskappe afgestem is (Sosiale Wetenskappe word verwaarloos - strek nou tot hul nadeel).
2. Die obsessie om steeds van die beste tegnologie gebruik te maak. Na TWO steel hulle met hul oë, koop die beste tegnologie. Tans word reuse bedrae aan "Research & Development" bestee. Groot maatskappye "pool" hulle navorsing.
3. Die geneigdheid tot die oorname van maatskappye en piramiede bouery van die B-A wêreld, afwesig. Groot korporasies nie op korttermyn wins ingestel nie, maar op die uitbou van die langtermyn produksiekapasiteit.
4. Sekere unieke eienskappe van die Japanese kultuur wat nou vervleg is met hulle geskiedenis: Hiervolgens word hard-werkendheid, deursettingsvermoë en spaarsaamheid beklemtoon en by kinders ingeburger.
5. "In its purest form, 'Japan Inc.' has been seen as a high-level conspiracy by the Japanese political, bureaucratic and business elites to establish Japan's world wide economic dominance" (Patterned Pluralism).
6. Die ekonomiese en groei-vriendelike ekonomiese beleid van opeenvolgende LDP-Eerste Ministers was baie bevorder vir groei.

7. Die konstruktiewe rol wat die burokrasie en oud-burokrate in alle fasette van die Japanese samelewing speel. Die SAMURAI ethos deurdrenk die burokrasie en afgetrede amptenare verantwoordelik vir amakudari - "decent from heaven".
8. Die "possessive individualism" van die B-A wêreld afwesig. Japan 'n nog meer "organiese gemeenskap" as K-lande. In Japan bestaan "familism", "familistic groupism" en "familistic collectivism". Vanweë hierdie soort "uitgebreide familie netwerk" kan minder op sosiale welvaart bestee word.
9. Die noulojaliteit en "commitment" tussen 'n familie en 'n bepaalde onderneming. Mense werk nie net vir geld maar vir een "familie-onderneming" en as keersy geniet familie lewenslange beroepskekerheid. (Elkeen vir homself en die duwel vir die res, afwesig in Japan).
10. Amerikaners het bepaal dat Japan slegs 1% van BBP op verdediging mag bestee. Geniet beskerming van VSA se kemsambrel.
11. Van 1949 tot 1971 was die Japanese yen baie onderwaardeer en dit het Japanese uitvoere geweldig bevoordeel.
12. Die suksesvolle grondhervorming van die Amerikaners skep 'n klein boerdery sektor wat besondere geleenthede vir deeltydse boerdery.

(26)
10

DIE DONKER SY VAN JAPAN SE FENOMALE SUKSES

1. Die Sosiale Struktuur word uitmekaar geskeur: kinder selfmoord, hoë persentasie in sielsieke inrigtings, seksuele losbandigheid.
2. Korruksie deurdrenk die totale politieke lew.e. In 1972 het Fukinda en Tonaka 10 miljoen yen se omkoopgeld op elke parlementslid bestee in eersteministerstryd!
3. Grootkeepse besoedeling.
4. Ontwikkeling van openbare dienste verwaarloos ("Public squalor amidst private affluence").
5. Die vrugte van die ekonomiese wonderwerk word nog nie gereflekteer in die kwaliteit van die lewe nie.

I OPTIMISME EN SKEPTISME OOR KAPITALISME NA EINDE VAN KOUE OORLOG

1. 'n Ekonomiese stelsel is nie 'n eng ekonomiese aangeleentheid nie, maar as substelsel vorm dit deel van 'n Totale Stelsel.
2. Die voortbestaan van 'n Ekonomiese stelsel (as substelsel) hang nie van sy eie sukses of mislukking af nie.
3. Die transformasie van die Ekonomiese stelsel word gewoonlik bewerkstellig deur 'n Powershift van die Totale Stelsel.
4. Gaan die Totale Stelsel (die Pax Americana) waarin Korporatiewe Stelsel ingebied is, nog bly voortbestaan of staan dit voor 'n Powershift?
5. Groot Vraag: Spel die val van die Berlynse Muur die begin van die einde van die Pax Americana?
6. Nee sê die verregses: Hulle het die val van die Muur met triomfantalisme oor Kapitalisme begroet.
7. Wie weet sê New Left. Selfvoldoenheid na val van Muur probeer Powershift verbloem.

1. Hy bewonder en bewierook die dinamiese groei van Kapitalisme.
2. Can Capitalism survive? No, I do not think it can ... It's very success undermines the social institutions that protect it.
3. Die proses van Skeppende Vernietiging gaan vanweé twee redes ou beskawingsraamwerk sloop:
 (a) Te rasionale lewenshouding.
 (b) Te lompe burokrasieë in openbare en private sektore.
4. Kapitalisme se rasionalisme sal "an atmosphere of almost universal hostility in its own social order" skep.
5. Groter wordende Korporasies en groeiende welvaarstaat sal Bigness (en lompheid) in albei sektore veroorsaak.
6. Boonop sal die sukses van Kapitalisme die "bourgeois waardesisteem" so inburger dat "a kind of human beings" "geproduseer" gaan word met genoeg rykdom en vryheid "to make a mess of their own lives" (Het Schumpeter die effek van Consumerism voorsien?) Vergelyk ook Macridis se siening van Neo-Marxistiese se "mensvervreemding" in die Kapitalisme.
7. Waarom was die kritiek van "intellektueles" van 1950 tot 1990 nie so skerp soos Schumpeter voorspel het nie? Was Koue Oorlog 'n "kokon" wat Kapitalisme teen kritiek beskerm het?
8. Gaan Kapitalisme nou baie skerper gekritiseer word? Waarskynlik.

III IDEOLOGIESE POLARISERING TUSSEN NEW RIGHT EN NEW LEFT AFGELOPE 20 JAAR

(28)

1. New Right sê demokratisering en "welfarisation" is te ver gevoer (Sch. het dit al voorspel - Demokratiese Kapitalisme bloot 'n "halfway house").
2. New Left sê 'n legitimiteitskrisis het ontstaan omdat Korporatiewe Mag die Politieke Mag te veel aan bande lê. Hulle voorsien dat 'n onverkwiklike Magstryd tussen diegene wat Ekonomiese Mag en diegene wat Politieke Mag besit, gaan ontbrand en gaan eskaleer tot een gewen het (Sch. het hierdie stryd in 1942 voorspel).
3. New Right sê die krisis van Demokratiese Kapitalisme lê by Demokrasie wie se vlerke geknip moet word.
4. New Left sê die krisis van Demokratiese Kapitalisme lê by Korporatiewe Kapitalisme en dat sy vlerke geknip moet word.
5. Wie gaan wen? Sch. sê Demokratiese Sosialisme.
6. Ander sien Magstryd tussen Politieke Mag en Ekonomiese Mag as onderdeel van wêreldwye Powershift. In die nuwe Totale Stelsel wat ná die Powershift tot stand gaan kom, sal die verhouding tussen Politieke Mag en Ekonomiese Mag onvoorstelbaar anders wees as vandag.

IV GAAN 'N NUWE KOUE OORLOG TUSSEN RYK NOORDE EN ARM SUIDE UITBREEK?

1. Alle stabiele stelsels is op Politieke, Ekonomiese en Ideologiese Mag gebaseer. Die Magsdriehoek - 'n Powershift vind plaas wanneer 'n suksesvolle aanslag teen Politieke, Ekonomiese en Ideologiese Mag plaasvind. (*Sien grafies voorstelling van ongelykhede*)
2. Politieke aanslag teen ryk Noorde:
 - (a) 1973 Opul
 - (b) Dwelmhandel van Suid na Noord.
 - (c) Beweging van "Illegals" van Suid na Noord - Draers van Vigs.
 - (d) Noorde veroorsaak meer besoedeling - Kan Suide teen Noorde verenig.
 - (e) Verspreiding van kernwapens na Suidelike lande.
 - (f) Arm lande dring al hoe meer aan op groter Politieke Mag in VVO sodat "global welfarisation" kan plaasvind.

(29)

3. Ekonomiese aanslag teen ryk Noorde:

- (a) Groei van welvaarstaat het Noorde in vele opsigte lomp en ondoeltreffend gemaak.
- (b) NK lande, soos Taiwan, Suid-Korea, Hongkong, Mexiko en Maleisië "undercut" ryk lande. Lone veel laer in hierdie lande.
- (c) Noorde se "imperialisme" word 'n groot nadeel. VSA het reeds grootste debietland geword.

4. Ideologiese aanslag teen ryk Noorde:

- (a) Massa-media en Consumerism is 'n tweesnydende swaard; skep onbeheerbare frustrasie in Suide én ontbloot armoede in Suide.
- (b) Godsdienstfanatisme (bv. Islam) kom in opstand teen Conspicuous Consumption en Materialisme van die Weste (Gifgas in Japan - ideologies gemotiveer).
- (c) Gaan Islamietiese lande verenig na die val van die Berlynse Muur. Huntington voorsien 'n Beskawingsoorlog tussen die Westerse en die Islam-beskawings.
- (d) Toffler voorsien dat die oorgang na die Derde Beskawingsgolf die ou "globale ewewig" gaan versteur en 'n "post-nation" wêreld gaan skep waarin Eerste, Tweede en Derde golf "state" in voortslepende twiste verwikkel gaan raak - Elkeen "golf" met sy eie ideologiese regverdiging.

Arbeiskoste per uur van 'n fabriekswerker, 1993

J 25

Duitsland

VSA

Japan

Frankryk

Brittanje

J 16

J 12

J 5

J 3,5

J 2

J 1

Suid-Korea

Mexiko

Maleisië

China

Thailand

V WAT KOM NA KAPITALISME?

1. Schumpeter sê dis net moontlik dat Kapitalisme tog nie 'n selfstandige stelsel was nie, maar bloot "the last stage of the decomposition of what we have called feudalism".
2. Schumpeter waarsku ook dat ons ons nie moet blindstaar teen dit wat op oppervlakte gebeur nie. Ons moet bewus bly van "the tendency towards another civilisation that slowly works deep down below".
3. Sê nou maar die Totale Stelsel gaan in die eerste kwart van die ~~volgende~~ eeu wel 'n Powershift deurloop, wat gaan die naam wees van die Ekonomiese sub-stelsel?

Ons laat dit liewer aan die komende geslag(te)!